



GESKIEDENIS: VRAESTEL II

Tyd: 2 uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Lees die vrae noukeurig deur.
 3. Beantwoord **EEN** vraag uit Afdeling A en **EEN** vraag uit Afdeling B.
 4. Alhoewel akkurate en voldoende feitelike kennis 'n voorvereiste is, is dit net so belangrik om die relevante inligting krities toe te pas in die beantwoording van die vrae.
 5. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
 6. Nommer jou antwoorde presies soos wat die vrae in die vraestel genummer is.
 7. Dit is in jou eie belang om netjies en leesbaar te skryf. Werk op 'n geordende wyse en bied jou antwoorde so netjies as moontlik aan.
-

AFDELING A BEREDENEERDE OPSTEL

Beantwoord **EEN** vraag in hierdie afdeling.

'n Beredeneerde opstel wat bewys lewer van ontleding, interpretasies, verduideliking en argumentering word verlang. Dit moet ongeveer 800 – 900 woorde lank wees.

TEMA ONAFHANKLIKE AFRIKA**VRAAG 1**

'Internasionale inmenging was die enigste bydraende faktor tot die ekonomiese en politieke uitdagings wat die Kongo na 1960 moes trotseer.'

Tot watter mate is die bogenoemde stelling akkuraat?

[70]

OF

TEMA BURGERLIKE SAMELEWINGSPROTESTE 1950's TOT 1970's**VRAAG 2**

'Die Swartmag-beweging was in die 1960's en 1970's suksesvol in die stryd om rassegelykheid in die Verenigde State van Amerika.'

Tot watter mate is die bogenoemde stelling akkuraat?

[70]

OF

TEMA BURGERLIKE WEERSTAND IN SUID-AFRIKA 1970's EN 1980's**VRAAG 3**

'Die Swart Bewussynsbeweging was die enigste invloed wat tot die Soweto-opstand van 1976 gelei het.'

Tot watter mate is die bogenoemde stelling akkuraat?

[70]

70 punte

AFDELING B UITGEBREIDE SKRYFWERK

Beantwoord **EEN** vraag uit hierdie afdeling.

Die uitgebreide skryfstuk moet ongeveer 350 – 400 woorde lank wees. Gebruik jou eie kennis, en verwys ook na die stimulus om die vrae te beantwoord.

TEMA ONAFHANKLIKE AFRIKA**VRAAG 4**

Die plakkaat hieronder toon 'n kunstenaar se interpretasie van die *Ujamaa*-beleid, wat Julius Nyerere, eertydse president van Tanzanië bekendgestel het. *Ujamaa*, wat in die 1960's bekendgestel is, was 'n poging om sosiale en ekonomiese ontwikkeling in die land te bevorder.



[Inligting oor Noord Tanzanië aanlyn].

[Beskikbaar by: <<http://www.ntz.info/gen/n01559.html>> Verkry 8 Februarie 2015 en vertaal]

Verduidelik die belangrikheid van die *Ujamaa*-beleid wat Julius Nyerere in die 1960's in Tanzanië bekendgestel het, deur die volgende vrae te beantwoord:

- (a) Wat was die *Ujamaa*-beleid?
- (b) Hoekom het Nyerere die *Ujamaa*-beleid bekendgestel?
- (c) Hoe suksesvol was die *Ujamaa*-beleid?

[30]

OF

TEMA **BURGERLIKE SAMELEWINGSPROTES 1950's TOT 1970's**

VRAAG 5

Hierdie foto wat op 28 Augustus 1963 geneem is, toon betogers gedurende die opmars in Washington DC, waartydens betogers hulle vir burgerregte vir Afro-Amerikaners beywer het. Die plakkaate wat hulle gedra het, het die einde van segregasie, billike behuising en werksgeleenthede vir Afro-Amerikaners geëis.



[The San Diego Voice & Viewpoint aanlyn]

[<<http://sdvoice.info/preparing-to-commemorate-the-1963-march-on-washington-d-c-part-ii>>

Verkry 8 Februarie 2015 en vertaal]

Verduidelik die rol van die Burgerregtebeweging in die stryd om rassegelykheid in die Verenigde State van Amerika van 1960 tot 1963 deur die volgende vrae te beantwoord:

- Wat het tot die totstandkoming van die Burgerregtebeweging in die Verenigde State van Amerika gelei?
- Watter stappe het die Burgerregtebeweging tussen 1960 en 1963 geneem in hulle stryd vir rassegelykheid?
- Hoe suksesvol was die Burgerregtebeweging teen 1963?

[30]

OF

TEMA BURGERLIKE WEERSTAND IN SUID-AFRIKA 1970's EN 1980's**VRAAG 6**

Hierdie foto wat in 1988 geneem is wys 'n Amnestie Internasionaal fondsinsamelingskonsert by die Wembley Stadion in Londen, wat 'n beroep op die beëindiging van apartheid in Suid-Afrika gedoen het. Die plakkaat wat op hierdie foto sigbaar is, vra vir die vrylating van Nelson Mandela.



[The Guardian aanlyn]

[Beskikbaar by <<http://www.theguardian.com/music/2013/dec/09/jerry-dammers-free-nelson-mandela>>

Verkry 8 Februarie 2015 en vertaal]

Beskryf die rol van internasionale anti-apartheid kulturele en sportbetogings in die 1980's deur die volgende vrae te beantwoord:

- (a) Waarom het internasionale protes teen die Suid-Afrikaanse regering in die 1980's toegeneem?
- (b) Watter soorte kulturele en sportbetogings het die internasionale gemeenskap gebruik om druk op die Suid-Afrikaanse regering te plaas?
- (c) Hoe suksesvol was hierdie internasionale kulturele en sportbetogings om druk op die Suid-Afrikaanse regering te plaas?

[30]

30 punte

Totaal: 100 punte